WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Rede nr. 58

# IN DIE SKOOL VAN TIRANNUS

## 'n Ondersoek na die plek van die dialoog in teologiese onderrig en prediking

**L. Floor**

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as Hoogleraar in die Departement Nieu-Testamentiese vakke aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 27 April 1979.

**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**
**1979**

# IN DIE SKOOL VAN TIRANNUS; 'n Ondersoek na die plek van die dialoog in teologiese onderrig en prediking

**L. Floor**

## TEOLOGIE EN PREDIKING

Die teologie soos ek dit graag met my kollegas aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en in die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO wil beoefen, moet, soos J.C. Coetzee opgemerk het, 'n 'Teologie-in-U-Lig' wees (Coetzee, 1976, p. 1).

Die teologie moet die bediening van die Woord van God, die prediking van die heerlike evangelie bevorder.

Die groot betekenis van die Reformasie het veral gelê in die innige samehang wat daar by die Reformatore tussen teologie en prediking was. H. von Schubert het die treffende opmerking gemaak dat manne soos Luther en Calvyn in hulle veelomvattende arbeid die teologie nooit van die verkondiging geskei het nie. Op die preekstoel het hulle geteologiseer, en in die klaskamer het hulle gepreek (Schubert, 1920, p. 3). Calvyn se Institusie is 'n monument van nougesette eksegese, en sy indrukwekkende ry kommentare gee vir ons baie teologie.

Teologiese studie moet dus altyd aan die prediking diensbaar wees.

## GEBREK AAN KOMMUNIKASIE

Sowel teologiese onderrig as prediking het vandag in 'n ontsaglike krisis beland. Daar word beweer dat die teologiese professor nie meer met sy studente en dat die predikant nie meer met sy gemeente kommunikeer nie. Die krisis in die klaskamer en op die preekstoel is 'n kommunikasiekrisis. Die teologie is abstrak en koud. Daar word 19de-eeuse antwoorde op vrae uit die 20ste eeu gegee, en die preek is nie meer in staat om die hoorder werklik te bereik en aan te spreek nie. Samevattend word dit aan 'n gebrek aan kommunikasie toegeskryf.

Vernuwing van teologie en prediking is derhalwe noodsaaklik — maar hoe? Die antwoord is: Daar moet volle aandag gegee word aan kommunikasie waarby die dialoog 'n rol moet speel.

Professor en predikant sal van kommunikasie-elemente gebruik moet

maak. H.P. Fourie noem vir ons 'n hele paar: woorde, gedagtes, statistiek, grappe, inligting, gelykenisse, stories, gedigte, wat almal kan help om die kommunikasie-proses vrugbaar te laat verloop (Fourie, 1978, p. 25, 32).

## KOMMUNIKASIE EN DIALOOG

Daar bestaan vandag ongeveer vyftig definisies van 'kommunikasie' (Lammens, 1974, p. 17), gevolglik sal u saamstem dat dit nie so eenvoudig is om presies te omskrywe wat kommunikasie is nie. In feitlik elke boek oor kommunikasie vind ons 'n nuwe of 'n gewysigde definisie. Dit is in elk geval duidelik dat elke kommunikasiegebeurtenis tussen mense plaasvind volgens die eenvoudige patroon dat daar 'n spreker is (in die tegniese sin ook 'n „uitsender" genoem) wat sy boodskap aan 'n hoorder (of „ontvanger") rig. Goeie kommunikasie is dáár aanwesig waar die hoorder of ontvanger die boodskap ten volle kan „hoor" en daarop kan antwoord. Kommunikasie is dus altyd iets wat van twee kante kom.

In die moderne hantering van die begrip kommunikasie is daar 'n kommunikasie-element wat besonder sterk na vore tree, naamlik die begrip dialoog. In die kommunikasieproses is daar sprake van twee partye wat op 'n vlak van gelykheid deur middel van 'n dialoog na die waarheid op pad is (Trimp, 1976, p. 17, 18).

Daarom wil ons die begrip 'dialoog' graag uitlig en 'n antwoord soek op die vraag wat ons onder dialoog moet verstaan, en of in ons teologiese onderrig aan universiteit en teologiese skool en in die prediking van die kerk vir die dialoog 'n plek ingeruim moet word. Ons doen dit aan die hand van Paulus se optrede, met name in Efese in die skool van Tirannus.

Wanneer ons na die oorsprong van die begrippe kommunikasie en dialoog in sy moderne betekenis gaan soek, dan bring dit ons by die wysbegeerte van Karl Jaspers. Na die Tweede Wêreldoorlog het die Duitse wysgeer Karl Jaspers in sy geskrifte die mensheid tot 'n totale kommunikasie opgeroep. Ons moet Jaspers se omvangryke kommunikasieleer veral sien teen die agtergrond van die eksistensiële nood van die moderne mens, wat onmagtig is om nog gemeenskap te oefen en wat dreig om in 'n diepte van totale vereensaming weg te sink (Van Peursen, 1959, p. 204-209).

Jaspers sê egter vir die ontredderde en vereensaamde mens dat hy hom nie moet inbeeld dat daar so iets soos 'n objektiewe waarheidsbesit is nie. Hierdie hoogmoedige besef dat ons die waarheid besit, is onwaarheid en verbreek elke kommunikasie (Jaspers, 1948, p. 72).

Ons is op pad na die waarheid. Ons moet na die waarheid heengroei, en

dit kan uitsluitlik via die dialoog geskied. „In der Kommunikation hat Wahrheit ihre Ursprung" (Jaspers, 1948, p. 46). Die waarheid is self kommunikatief. Dit beteken dat die waarheid aan kommunikasie gebind is (Jaspers, 1947, p. 971).

Ons mag egter die huidige belangstelling vir kommunikasie en dialoog nie alleen op Jaspers se rekening skryf nie. Die Amerikaanse pragmatisme en empirisme, wat veral in die sogenaamde publisiteitswetenskappe tot uitdrukking gekom het, het ook tot beklemtoning van die begrip kommunikasie bygedra, en dan sowel verbale as non-verbale kommunikasie (Watzlawick, 1967, *passim)*.

Aangesien ons ons tot die teologie moet beperk, wil ek graag met drie voorbeelde verduidelik hoe kommunikasie, en met name dialoog, in die nuwere teologie kernbegrippe geword het.

Die nuwere teologie – en dit moet ons waardeer – wou op die geweldige probleem van die sekularisasie 'n antwoord gee. Die antwoord is egter in kommunikasie en dialoog gesoek.

Die moderne teologie laat sy antwoord deur die vraagstelling van die moderne dink- en leefwyse bepaal.

In die teologie van Paul Tillich word die metode verdedig dat die Bybelse antwoord op die menslike vraag moet slaan. Dit is natuurlik korrek. Maar in Tillich se teologie, wat as 'korrelasie-teologie' bekend geword het, gaan die mens wat vra, voorop, en sy vraag is medebepalend vir die antwoord. Volgens Tillich is dit onmoontlik om vanuit die Bybel 'n antwoord te gee wat buite die vraagstelling omgaan (Tillich, 1951, p. 59 e.v.). Tillich is van oordeel dat teologie en prediking slegs in 'n dinamiese vraag-antwoord-relasie, dus in 'n dialoog, effektief kan funksioneer (Tillich, 1957, p. 99).

'n Tweede voorbeeld is H-D. Bastian, wat ook 'n pleidooi gelewer het vir 'n nuwe teologie, wat hy wil noem: die teologie van die vraag. Die tyd is verby dat ons net luister na die Woord van God. Daar moet ook na menslike woorde geluister word. In die Bybel praat die vraende en reagerende mens mos voluit saam (H-D. Bastian, 1969, p. 60, 286).

Die Bybel is die neerslag van vroeëre kommunikasie, wat as sodanig tot die verlede behoort. Die mens van daardie tyd het daarin sy aandeel gehad. In ons tyd moet die teoloog en prediker saam met die mondige mens van vandag in 'n studie- of preekwerkgroep weer 'n nuwe konteks ontwerp waarbinne die ou teks nuwe moontlikhede ontvang om die avontuur na die waarheid te onderneem (Trimp, 1976, p. 29). Dit is eintlik maar dieselfde wat W.S. Vorster met sy kommunikasiegerigte benadering in die eksegese van die Nuwe Testament ook beoog (Vorster, 1977, p. 18-23).

As derde voorbeeld kan gewys word op die teologie van H.M. Kuitert,

wat deur W.H. Velema as 'n kommunikatiewe teologie aangedui is (Velema, 1978, p. 41). In sy teologie vra Kuitert besondere aandag vir die dialoog. Die dialoog met ander wetenskappe soos Sosiologie en Kultuurantropologie en selfs 'n dialoog met ongelowiges word deur Kuitert sterk bepleit (Kuitert, 1977, p. 75).

Kuitert neem vir die dialoog sy vertrekpunt in die ervaring, in die empiriese. Dit bied aan gelowiges en ongelowiges 'n gemeenskaplike basis. Dit sal dan ook vir niemand meer vreemd in die ore klink dat Kuitert die noodsaaklikheid van 'n vrye dialoog, 'n dialoog sonder dwang, so sterk bepleit nie (Kuitert, 1974, p. 105). Dialoog sonder dwang is volgens Kuitert nodig tussen Christene en nie-Christene, tussen Christendom en die groot wêreldgodsdienste (Kuitert, 1974, p. 106) om gesamentlik God se antwoord te vind, want „God spreekt door het spreken van de mensen heen, betekent dus eigenlijk: door het veranderende spreken van de mensen heen" (Kuitert, 1974, p. 107).

Kommunikatiewe teologie moet noodwendig die werk van die dosent in die klaskamer verander. Daar kan dan nie meer volgens ou patrone en gevestigde metodes van kennisoordrag gedoseer word nie. Die vraag van die student moet saam met die antwoord van die dosent bepaal wat die waarheid is. Die klas moet in 'n diskussiegroep omgeskep word waarin die dialoog sy regmatige plek in die soektog na die waarheid moet kry.

'n Kommunikatiewe teologie sal natuurlik ook 'n groot invloed op die Homiletiek uitoefen. Die monoloog van die preekstoel moet deurbreek word en moet vir 'n dialogiese prediking plek maak. Met dialogiese prediking word dan bedoel dat die hoorder 'n aandeel in die totstandkoming van die preek ontvang het. Baie duidelik vind ons hierdie gedagte by R.L. Howe in sy boek: *Partners in preaching,* waarin hy pleit dat die maak van 'n preek nie maar net die taak van die predikant is nie maar dat die hele gemeente aan die totstandkoming van die preek moet meewerk (Howe, 1963, 1967).

Die mens is nie alleen maar die adres, die opvangapparaat van die Woord van God nie, so sê J. Firet (1970, p. 328): „De mens met, of liever: in zijn situatie is voor dat gebeuren van de prediking medeconstitutief". Firet is dan ook van oordeel dat die dialoog of, soos hy dit formuleer, die groepsgesprek ons beter as watter middel ook al by die eintlike homilie bring (Firet, 1975, p. 371).

## KOMMUNIKASIE EN DIALOOG IN DIE BYBEL

Die vraag kan gestel word of die begrippe kommunikasie en dialoog deur

ons wat 'n teologie-in-U-lig wil beoefen, gebruik kan word.

Hoewel die term kommunikasie sterk deur 'n Humanistiese Filosofie en deur pragmatistiese menswetenskappe besmet is, kan ons tog nie hierdie term as onbruikbaar eenkant toe skuiwe nie.

Die God van die Bybel is immers by uitstek die God van kommunikasie, en die Bybel as Woord van God is by uitnemendheid die boek van Goddelike kommunikasie. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs vertolk dit vir ons baie duidelik wanneer hy op die maniere wys waarop God tot die mense spreek: eers deur die profete en dan deur die Seun (Hebr. 1:,1).

Die God van die Bybel tree met die mens in gesprek. In die roep na Adam: Waar is jy? soek die Here kommunikasie en begin Hy 'n dialoog (Gen. 3:9). Dit wys ons op die dialogiese struktuur van die openbaring: ,,Het is inderdaad zo dat we in de Bijbel God en zijn openbaring ontmoeten, mede in het gesprek met de mens en in de reactie van de mens op het spreken van God. De Schrift is echter in haar tweeëenheid voor ons de openbaring van God. Zo openbaart God Zich aan de mensen. Zijn Geest heeft zich bediend van overwegingen, zelfs vertwijfelingen van mensen; de Geest heeft het niet geschuwd deze op papier te zetten en een plaats te geven in de Schrift" (W.H. Velema, 1976, 1977, p. 58).

Die dialoog is in die openbaring opgeneem. Daarom het die dialoog ook sy plek in die geskiedenis van die openbaring. Ons moet egter goed aandag gee aan die karakter van God se kommunikasie en God se dialoog.

G.P.L. van der Linde (1972, p. 15) wys in hierdie verband op die monoloog, die spreke van God, as die enigste basis vir die dialoog, die gesprek. Hierdie kommunikasie en die dialoog is nie bedoel om saam met Adam die waarheid te gaan soek nie. Die Here roep Adam om rekenskap te gee. God se kommunikasie en sy dialoog bring die waarheid van God by die mens tuis, en tegelyk ontmasker dit die leuen. Die sonde en die leuen is nie 'n vraag of 'n probleem nie maar 'n toestand.

Daar is ook met dialoog as sodanig niks verkeerd nie. Wanneer dialogiese onderrig en prediking beteken dat professor en predikant in lesing en preek ingaan op vrae en toestande wat by die gehoor lewe, kan niemand daarteen beswaar maak nie. Sowel deur middel van taalgebruik as met die inhoud wat aangebied word, moet ingegaan word op reële vrae en probleme wat by hulle wat in klaskamer en kerkgebou aan die ontvangkant is, lewe.

Die vraag wat beantwoord moet word, is wat ons presies onder dialoog moet verstaan en of die dialoog 'n integrerende deel van kommunikasie is. Kan die waarheid nie sonder die dialoog as 'n samestellende element daarin oorgedra word nie? Wanneer dit met die waarheid van die Woord van God so

is, dan geld dit ook vir teologiese onderrig en prediking.

Wie 'n ondersoek wil instel na die plek van die dialoog in teologiese onderwys en kerklike verkondiging, moet tog in die eerste plek na die Bybelse evaluering van die woord *dialoog* gaan soek.

Die vraag na die Skrifbeskouing kan hier natuurlik nie ontwyk word nie. Bevat die Bybel slegs 'n neerslag van vroeëre kommunikasie waarin die reagerende mens 'n wesentlike bydrae gelewer het, of is die Bybel die gesaghebbende Woord van God? Teenoor die belydenis van Karl Jaspers (1947, p. 371): „Die tiefste Wahrheit erscheint als Dialog", stel ons die belydenis van Christus: „U Woord is die waarheid" (Joh. 17:17).

## WOORDVERKONDIGING IN DIE NUWE TESTAMENT

Wanneer ons die Nuwe Testament oopmaak, vind ons 'n hele aantal werkwoorde waarmee die prediking van die apostels en hulle medewerkers aangedui word.

As ons dan met die oog op ons onderwerp na die prediking van Paulus kyk, dan moet dit ons tref dat Lukas in sy boek Handelinge die verkondigingsarbeid van die groot heidenapostel met verskillende woorde omskryf. Drie maal gebruik hy die woord *kerussein* (19:19; 20:25; 28:31), vyf maal die woord *euengelizein* (13:32; 14:7, 15; 16:10; 17:18) en nege maal die woord *katangellein* (13:5, 38; 15:36; 16:17, 21; 17:3, 13, 12; 26:23).

Daar is nog 'n belangrike werkwoord waarmee Paulus se arbeid in die boek Handelinge aangedui word, naamlik die woord *dialegesthai*. Hierdie woord is so belangrik, omdat dit slegs drie keer buite die boek Handelinge voorkom (Mark. 9:34; Hebr. 12:5; Judas :9) en dus vrywel uitsluitend aangewend word om Paulus se metode van verkondiging te omskryf.

Tien maal gebruik Lukas hierdie woord in sy boek Handelinge om Paulus se optrede te teken (17:2, 17; 18:4, 19; 19:8, 9; 20:7, 9; 24:12, 25).

## *DIALEGESTHAI* BUITE DIE NUWE TESTAMENT

In die woord *dialegesthai* hoor ons al dadelik die woord *dialoog*. By die Griekse denkers uit die antieke tyd word met hierdie woord bedoel die kuns van beredenering en bewysvoering deur middel van vraag en antwoord.

Die dialoog het by Sokrates 'n belangrike plek ingeneem. By Plato is die dialoog aangewend om langs die weg van suiwere denke tot die idee van die

dinge te kom, terwyl Aristoteles via die dialoog tot die diepste bewys- en kennisgrond wou afdaal.

Dit het steeds om 'n tweegesprek gegaan waarby gestreef word om die onvervalste waarheid te ontdek (Schrenk, 1935, p. 93 e.v.).

Die werkwoord *dialegesthai* het later die betekenis gekry van 'n filosofiese gesprek of debat of dispuut voer. Meer en meer kry dit die swakker betekenis van 'n voordrag of toespraak lewer.

In die LXX dra die werkwoord die verswakte betekenis van praat, met uitsondering van Rigt. 8:1, waar dit vir die twis van die manne van Efraim met Gideon gebruik word (Schrenk, 1935, p. 94).

By Josephus het hierdie woorde die betekenis van 'n gesprek voer of om saak bespreek. Ook gebruik hy dit om 'n toespraak van 'n koning aan te dui (Ant. 8, 111). 'n Amptelike politieke of militêre toespraak word by Josephus ook met die woord *dialegesthai* aangedui (Bel. 4.14).

In die Hellenistiese tyd, buite die Nuwe Testament, vind ons met betrekking tot die werkwoord *dialegesthai* die verswakte betekenis van praat of 'n toespraak hou. In slegs enkele gevalle beteken die woord: 'n woordestryd voer of 'n dispuut hê (Groenewald, 1962, p. 327).

## *DIALEGESTHAI* IN DIE NUWE TESTAMENT

By 'n ondersoek na die betekenis van die woord *dialegesthai* in die Nuwe Testament kom ons dadelik voor die vraag te staan of hierdie verswakte betekenis ook in die Nuwe Testament gevind word.

Dit bring ons by die interessante probleem op die terrein van die taalkunde: kan 'n woord weer tot nuwe lewe kom, kan die ou betekenis weer herwin word? Hertzog Venter het my gewys op 'n woord uit die Suid-Afrikaanse taalgeskiedenis wat na 'n periode van verswakte betekenis weer 'n sterk betekenis gekry het. Dis die woord *kakebeenwa,* wat na 1938 weer sy plek in die taal ingeneem het en sy ou betekenis herwin het.

E.P. Groenewald erken dat dit voor die hand lê dat die werkwoord *dialegesthai* sy verswakte betekenis in die Nuwe Testament behou het. Maar ons moet, aldus Groenewald, rekening hou met die feit dat ons in die Nuwe Testament met 'n heel besondere inhoud te doen het, naamlik openbaringsgeskiedenis, en dit bring mee dat al word dieselfde begrippe aangewend wat in die taalgebied buite die Nuwe Testament aangetref word, hulle tog 'n nuwe inhoud of 'n ander betekenis-skakering kan kry. „Daarom is te verwag dat *dialegesthai* hier iets meer sal beteken as net spreek of gesels, maar dat dit aan die ander kant ook nie in die antiek-Griekse filosofiese betekenis aan-

getref word nie" (Groenewald, 1962, p. 327-328).

Wanneer ons na die gebruik van *dialegesthai* buite die boek Handelinge kyk, waar dit slegs drie maal voorkom, vind ons daar wel die betekenis van dispuut. In Mark. 9:34 lees ons dat die dissipels onderweg 'met mekaar gepraat het oor wie die grootste is'. Hier moet ons stellig aan 'n twisgesprek of dispuut dink. In Hebr. 12:5, waar ook die woord *dialegesthai* gebruik word, vind ons egter duidelik 'n aansluiting by Philo, soos Schrenk in sy artikel in die *Theologisches Wörterbuch* aantoon (Schrenk, 1935, p. 94).

In Judas:9 word ons meegedeel dat Migael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses. Daar het dus 'n heftige dispuut tussen die twee plaasgevind.

Buite die boek Handelinge is daar dus wel aanduidinge dat die woord *dialegesthai* nie die verswakte betekenis van praat of preek het nie maar ook die sterkere en oorspronkliker betekenis van bespreking, gedagtewisseling of selfs dispuut.

## *DIALEGESTHAI* IN DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS

Dit bly 'n opmerklike feit dat die woord *dialegesthai* tien maal in die Handelinge voorkom en deur Lukas gebruik word om Paulus se optrede te beskryf. Ons het hier dus seker met 'n kenmerkende kwalifisering van Paulus se arbeidsmetode te doen.

In Hand. 17:1-3 ontmoet ons Paulus in die sinagoge te Tessalonika. Daar het hy volgens sy gewoonte drie Sabbatte lank met hulle *(dieleksato)* uit die Skrifte gepraat.

Daar is by eksegete 'n groot mate van onsekerheid oor die betekenis van die werkwoord *dialegesthai* wat Lukas hier gebruik. F.W. Grosheide (1948, p. 113) is van mening dat die werkwoord „doet denken aan disputeeren". Ook E.P. Groenewald (1962, p. 330) is van oordeel dat daar in die sinagoge gedebatteer is. H.W. Beyer praat van „Streitgespräche" (Groenewald, 1962, p. 330) en R. Knopf van „Sinagogen-Disputationen" (Groenewald, 1962, p. 330).

E. Haenchen (1965, p. 445, noot 7) verklaar die werkwoord *dialegesthai* egter as lewer van 'n leergesprek, wat later die betekenis van prediking gekry het. Th. Zahn en G. Schrenk is van oordeel dat ons hier aan 'n voordrag moet dink (Groenewald, 1962, p. 329, 334).

In Hand. 17:17 gebruik Lukas weer die werkwoord *dialegesthai* om Paulus se arbeid in Atene in die sinagoge sowel as op die mark aan te dui. Voorts vind ons die woord *dialegesthai* in Hand. 18:4 en 18:19, waar Paulus

se verkondigingsarbeid in Korinte en Atene bespreek word.

Wanneer Paulus in Hand. 20 van die gelowiges in Troas afskeid neem, word sy optrede in die verse 7 en 9 met *dialegesthai* aangedui en in vers 11 met die werkwoord ***homilein.*** Hierdie fyn onderskeiding wat Lukas maak, is seker nie sonder betekenis nie. Paulus se eerste optrede, naamlik in die eerste deel van die nag, word met *dialegesthai* aangedui, terwyl sy optrede in die vroeë oggendure met *homelein* beskryf word. Ons kan dus aanneem dat daar verskil was tussen wat Paulus laat in die nag en wat hy vroeg in die oggend gedoen het. F.W. Grosheide (1948, p. 231, 233) kwalifiseer die verskil met die twee begrippe 'bespreking' en 'toespraak', terwyl G. Stählin (1965, p. 264, 265) die verskil tot uitdrukking bring met die woorde 'Abschiedsrede' en 'Abschiedspredigt'.

Wanneer die apostel voor goewerneur Felix sy verdedigingsrede lewer, gebruik Lukas ook die werkwoord *dialegesthai* (24:12, 24, 25). Uit hierdie gedeelte kry ons baie sterk die indruk dat Paulus moontlik alleen aan die woord was (Groenewald, 1962, p. 333).

## PAULUS SE ONDERWYSMETODE IN EFESE

In die Handelinge van die Apostels gaan dit om die uitbreiding van die koninkryk van God. Ons ontmoet die groot heidenapostel Paulus, wat met onvermoeide ywer van plek tot plek rondreis en van land tot land trek om met sy apostoliese gesag die evangelie van die koninkryk te verkondig.

Maar dan ontdek ons plotseling in Hand. 19 'n vreemde wending in Paulus se optrede. Die rondreisende apostel word in Efese 'n residerende dosent wat op een bepaalde plek bly.

Volgens sy gewoonte het Paulus ook in Efese eers in die sinagoge gegaan en daar vrymoedig oor die dinge van die koninkryk van God gepraat (*dialegomenos)* soos ons in Hand. 19:8 lees.

Teenstand as gevolg van verharding en ongeloof van die kant van die Jode wat op kwaadsprekery uitloop, dwing Paulus om 'n ander bymekaarkomplek te kry, en hy vind onderdak in die skool van 'n sekere Tirannus, wat waarskynlik 'n leraar in die wysbegeerte was (Sizoo, s.j., p. 122).

Daar is 'n bekende handskrif (Beza=D) wat aan die teks nog die volgende woorde toevoeg: „van die vyfde tot die tiende uur". Van elfuur in die oggend, wanneer skole in Efese sluit en sakeondernemings in die stad hulle deure toemaak, tot vieruur in die middag het Paulus dan sy leerlinge onderrig gegee. Kirsopp Lake maak hierby nog die opmerking dat in Efese waarskynlik meer mense om eenuur in die middag aan die slaap was as om

eenuur in die nag (K. Lake & H.J. Cadbury, 1933, p. 239). Paulus se werksaamheid in die sinagoge asook sy arbeid in die skool van Tirannus word met die werkwoord *dialegesthai* aangedui.

Wanneer ons eers na die struktuur van Hand. 19:8, 9 kyk, dan vertoon hierdie perikoop struktuuranalities gesien die model van 'n ringkomposisie: A – B – A.

A 1   1.1   εἰσελθών δέ εἰς τήν συναγωγήν

ἐπαρρησιάζετο ἐπι μῆνας τρεῖς

1.2   διαλεγόμενος

καί   —— περί τῆς βασιλείας τοῦ θεοῦ

1.3   πείθων

B 2   ὡς δέ τινες ἐσκληρύνοντο καί ἠπείθουν

2.1   <u>κακολογοῦντες</u> τῆν ὁδόν ἐνώπιον τοῦ πλήθους

ἀποστάς ἀπ' αυτων

A 3   ἀφώρισεν τοῦς μαθητάς

3.1   καθ'ἡμέραν <u>διαλεγόμενος</u> ἐν τῇ σχολῇ Τυράννου

Ter wille van die duidelikheid lig ons drie fokuspunte uit, wat soos volg geskematiseer kan word:

| | | |
|---|---|---|
| A | διαλέγομενος | Aksie |
| B | κακολογοῦντες | Reaksie |
| A | διαλέγομενος | Aksie |

| | |
|---|---|
| A | die aksie van Paulus in die sinagoge |
| B | die reaksie van die Jode |
| A | die aksie van Paulus in die skool van Tirannus |

In die eerste kolom word die participium gebruik, en dit gaan saam met 'n tweede participium, naamlik *peithōn*. *F.W. Grosheide* (1948, p. 201) is van oordeel dat die eerste werkwoord op Paulus se metode wys en die tweede op die resultaat. R. Bultmann (1959, p. 2) beskou die werkwoord *peithō* as 'n uitdrukking vir „legitime apostolische Predigt". O. Becker (1975, p. 589) sê dat Lukas *peithō* gebruik „to describe Paul's preaching to the Jews in the Synagoge".

Wanneer Paulus se onderrig in die skool van Tirannus ter sprake kom, word alleen die werkwoord *dialegesthai* gebruik en dan ook weer in die participiumvorm. Besonder opvallend is vervolgens dat Lukas uitdruklik vermeld dat Paulus in die skool van Tirannus aan dissipels onderrig gee. In die Handelinge van die Apostels beteken die woord *dissipel* of *leerling* meestal eenvoudig Christen (Rengstorf, 1942, p. 462). Hier sal ons egter eerder aan leerlinge in die oorspronklike betekenis van die woord moet dink. Dissipelskap het in die Nuwe Testament ook 'n sterk missionêre toespitsing (Schrenk, 1942, p. 456).

In Hand. 19:10 kom ook aan die lig dat as vrug van Paulus se onderrig aan sy leerlinge die woord van die Here Jesus deur al die inwoners van Asië, sowel Jode as Grieke, gehoor is.

Ons kan dus met vrymoedigheid vasstel dat dit by die tweede gebruik van die woord *dialegesthai*, wanneer Paulus in die skool van Tirannus werksaam is, om onderrig gaan en nie om prediking nie.

In Hand. 19:8 kan *dialegesthai* 'n bepaalde metode van prediking aandui, maar in Hand. 19:9 behels hierdie werkwoord 'n bepaalde metode van onderwys.

Hoe moet ons dan Paulus se metode van prediking en onderrig nader omskrywe? D. Schrenk het daarop gewys dat ons die werkwoord *dialegesthai* soos dit in hierdie perikoop deur Lukas gebruik word, op twee maniere kan lees, naamlik deur 'n Grieks-wysgerige bril en deur 'n Joods-rabbinistiese bril. En dan stel Schrenk dit baie pertinent dat ons *dialegesthai* nie in Grieks-wysgerige gees moet opvat nie. Ons moet die werkwoord sien teen die agtergrond van die Hellenistiese Jodedom, en dan beteken dit dat Paulus vir sy studente 'n voordrag of 'n lesing gelewer het (Schrenk, 1935, p. 94, 95).

Die vraag bly nog staan of Paulus sy onderwys in die vorm van 'n dialoog gedoen het, en, so ja, hoe hy die dialoog gevoer het?

Ons sal nader aan die antwoord kom wanneer ons let op die kennisinhoud wat deur Paulus aan sy leerlinge in die skool van Tirannus oorgedra is.

## PAULUS SE ONDERWYS

Wanneer ons vra na die sillabus, die stof wat Paulus sy leerlinge aangebied het, dan gee Lukas vir ons 'n verrassende antwoord. Paulus het in die sinagoge met die Jode oor die dinge van die koninkryk van God gepraat (Hand. 19:8).

Die Jode wat sy prediking verwerp het, het begin kwaad spreek van die Weg (Hand. 19:9).

Paulus gaan voort met sy koninkryksonderrig aan sy leerlinge, en gevolg is dat in die hele Asië die woord van die Here Jesus gehoor word (Hand. 19:10). *Koninkryk, weg* en *woord* – hier het ons die drie trefwoorde waarmee die onderwys van Paulus deur Lukas beskryf word.

Die dinge van die koninkryk van God gaan deur twee kommunikasiekanale, naamlik die van Paulus en die van sy leerlinge, en hulle kom as eindresultaat by die ontvangers in Asië as die woord van die Here Jesus.

Die woord *koninkryk* wys dat Paulus in sy onderrig volledig by Jesus se onderwys aan sy dissipels aansluit. In Hand. 1:3 vertel Lukas dat Jesus na sy opstanding met sy leerlinge oor die dinge van die koninkryk van God gepraat het. W.J. Snyman (1977, p. 230) het oortuigend aangetoon dat die prediking van Paulus in sy Briewe, dus ook gedurende sy reise, niks anders as prediking van die koninkryk van God was nie.

Lukas beskryf Paulus se onderwys as 'n weg. Die teenstanders gebruik ook die woord *weg* vir Paulus se onderrig, maar dan is daardie weg in hulle oë 'n dwaalweg. Die oorsprong van hierdie uitdrukking *weg* het nog nie volledig aan die lig gekom nie. Sommige wil dit tot die Qumrangemeenskap herlei (Repo, 1964). Miskien moet ons hierdie uitdrukking sien teen die agtergrond van die rabbynse leeronderrig, wat as *Halacha* aangedui word. Die Joodse wetsvoorskrifte word hiermee omskryf as 'n weg waarop 'n mens moet wandel. Ons weet dat die eerste Christene hulleself as 'mense van die weg' aangedui het, terwyl hulle teenstanders dit ook gedoen het maar dan die weg as 'n dwaalweg beskou het (Ebel, 1978, p. 941, 942).

Missionêr gesien word Paulus se onderwys ten slotte omskryf met die uitdrukking: „die woord van die Here Jesus". Hierdie uitdrukking is 'n omskrywing van die Christelike prediking soos dit op die sendingveld verkondig word (Van Swigchem, 1955, p. 157, 158).

Die onderrig wat Paulus in die skool van Tirannus gegee het, was koninkryksonderrig. Hy het die dinge van die koninkryk van God soos Lukas dit letterlik skrywe: gedialogiseer.

Maar was Paulus se onderwys dan bloot in die vorm van 'n monoloog?

Kan ons aanvaar dat daar in sy klasse ruimte en geleentheid vir gesprek en dialoog was? Ons kan met sekerheid aanvaar dat daar by Paulus in sy prediking en onderrig vir dialoog in die moderne betekenis van die woord nie plek was nie. Paulus was beslis nie saam met sy leerlinge op pad om in 'n gesprek die waarheid te soek nie.

Die dialoog het by Paulus beslis nie 'n bemiddelende funksie gehad nie. Wanneer die dialoog 'n middelaar word om tot die waarheid te kom, dan is die dialoog 'n noodsaaklike, samestellende element in die oordrag van die Christelike waarheid. S.J. Pieterse omskryf in sy verhandeling: *Dialogiese prediking,* Paulus se verkondigingsmetode as 'n metode om „die Waarheid in Christus te ontdek, soos reeds in die Skrif geopenbaar" (Pieterse, 1971, p. 43). Die belangrike vraag is: Wat word hier met *ontdek* bedoel? Wanneer *ontdek* hier „oopmaak, ontvou" beteken, kan ons met hierdie omskrywing van Paulus se verkondigingsmetode saamstem.

Lukas, die skrywer van die Handelinge van die apostels, gee vir ons 'n goeie omskrywing van Paulus se preek- en onderwysmetode, en hy dui vir ons presies aan wat ons onder die dialoog wat Paulus gevoer het, moet verstaan.

Wanneer ons na Hand. 17:2, 3 kyk, dan lees ons dat Paulus met die Jode uit die Skrifte gedialogiseer het.

Ons vind in hierdie perikoop die volgende struktuur:

διελέξατο αὐτοῖς τῶν γραφῶν

διανοίγων

παρατιθέμενος

καταγγέλλω ὑμῖν

In v. 3 kry ons die *dat* van die verkondiging: Jesus is die Christus. In v. 2 kry ons die *hoe* van die verkondiging: deur uit die Skrifte te redeneer, soos *Die Blye Boodskap* vertaal.

Die spreek of die redeneer uit die Skrifte bestaan dan uit twee dinge:
1. deur hulle oop te maak;
2. deur hulle langs mekaar te lê.

Inhoud van Paulus se prediking en onderrig is Jesus Christus, Christus wat moes ly en uit die dode opstaan. Dit is die *dat* van die verkondiging. *Hoe* Paulus dit gedoen het, word ook deur Lukas verduidelik en wel deur twee dinge. Paulus se *dialegesthai* het daarin bestaan dat hy die Skrifte geopen het en dat hy hulle verklaar het. F.W. Grosheide (1948, p. 114) verklaar dat die twee participia: *dianoigōn* en *paratithemenos* 'n omskrywing bied van hoe die *dialegesthai* plaasgevind het.

Die eerste participium verduidelik dat Paulus die Skrifte, dit is die Ou Testament, oopgemaak, ontsluit het, en die tweede participium sê letterlik dat hy die Skrifte langs mekaar gelê het.

Paulus maak dus in sy verkondigingsmetode en in sy onderrig gebruik van die bekende hermeneutiese reël van Skrif met Skrif vergelyk. Paulus is dus nie besig om die waarheid te soek of vas te stel nie, maar hy ontvou die Skrif.

Aangesien hierdie werksaamheid van Paulus, sy besig wees met die Skrifte, met die werkwoord *dialegesthai* omskryf word, moet die vraag nog beantwoord word of hy dit bloot in die vorm van 'n monoloog gedoen het, of mag ons aanvaar dat daar in sy klasse ruimte en geleentheid vir gesprek en dialoog was, en was daar ook so iets soos respons op die prediking van die apostel?

Ons kan reeds met sekerheid aanvaar dat daar by Paulus geen plek vir dialoog in die moderne betekenis van die woord was nie.

Ons kan egter aantoon dat daar wel op 'n ander manier in Paulus se onderwys van 'n dialoog sprake was: die dialoog nie om die waarheid te soek nie maar die dialoog om die waarheid uit te dra.

In Paulus se hoofbrief, die brief aan die Romeine, word die plek wat die dialoog by Paulus ingeneem het, op 'n treffende wyse vir ons aangetoon.

Hoewel Paulus hierdie brief aan Christene uit die heidene geskryf het, behandel hy spesifiek Joodse vraagstukke. Die apostel is in 'n voortdurende gesprek met die Jode. Telkens noem Paulus teenargumente wat geopper sou kon word, en dan ontsenu hy dit terwyl hy die tema van sy brief: die regverdige sal deur die geloof lewe, verder ontvou.

Kenmerkend van sy betoogtrant is die herhaling van die uitdrukking: „Wat sal ons dan sê:.. (4:1; 6:1; 7:7; 8:31; 9:14, 20). Besware, argumente, vrae van sy Joodse teenstanders het Paulus in sy betoog opgeneem. J. Jeremias (1966, p. 271) noem Paulus se brief aan die Romeine dan ook tereg die apostel se „Dialogus cum Iudaeis".

Hierdie betoogtrant van die brief aan die Romeine, met sy vrae en antwoorde, weerspieël stellig ook die manier waarop Paulus in sy prediking en tydens sy onderrig in sinagoges en op markpleine te werk gegaan het.

Uit die brief aan die Romeine is dit egter ook duidelik dat Paulus nêrens deur middel van die dialoog, deur argumentasie, deur gesprek en debat tot die waarheid moes kom nie. Paulus se vertrekpunt was die waarheid van die Woord van God, die dinge van die koninkryk, die Skrifte, wat van die lyding, die sterwe en die opstanding van Christus spreek.

Waar daar wel sprake van dialoog was, was die gesprek daarop gerig dat die apostel die inhoud van sy onderrig en van sy verkondiging vanuit die

Skrif duidelik aan sy leerlinge en hoorders wou oordra.

Ten slotte moet daar nog op 'n tweede baie belangrike aspek van Paulus se kommunikasie met sy hoorders en leerlinge gewys word. Hy het nie saam met sy gehoor deur middel van die dialoog na die waarheid van die koninkryk van God gesoek nie; inteendeel, Paulus het – soos hy self in 1 Kor. 2:4 verklaar – in betoning van gees en krag gepreek en gespreek.

Wanneer die apostel die woord *betoning* gebruik, dan staan daar in Grieks die woord *apodeiksis*, 'n woord waarvan ons woord *apodikties* afgelei is. Paulus se prediking en onderrig was egter nie 'n apodiktiese, onweerspreeklike, onweerlegbare verkondiging en onderwys sonder meer nie. Hy het gespreek in die betoning van Gees en van krag (D'Assonville, 1971, p. 42). Met Gees word hier bedoel die Gees van God en met krag die krag van God (Grosheide, 1932, p. 92). Paulus het sy verkondigingsarbeid verrig in die besef dat die Heilige Gees aan sy werk krag verleen. God kommunikeer met mense deur sy Woord en Gees. Sy kommunikasie lê dan ook op 'n ander vlak as die vlak waarop mense met mekaar kommunikeer.

In Paulus se verkondigingsmetode en in sy onderrig val die volle nadruk dus op die Bybel en op die Heilige Gees. Hier kry die dialoog sy regte plek. Waar aan die apostel gedurende sy verkondiging, na aanleiding van sy prediking of tydens sy onderrig aan sy leerlinge, vrae gestel is, 'n diskussie ontstaan het of teenargumente genoem is, dan het Paulus ondubbelsinnig uit die Skrif geantwoord. Hy het die Bybel – in sy geval die Ou Testament – oopgedek en hy het Skrif met Skrif vergelyk en dit alles in die geloof dat hy hierin 'n instrument van die Heilige Gees is.

Die Bybel as die onfeilbare en gesaghebbende Woord van God en die Heilige Gees gee aan die dialoog in teologiese onderrig en prediking sy eie beskeie plek.

## SAMEVATTENDE KONKLUSIES

Ten slotte wil ek die resultate van my ondersoek graag met 'n paar samevattende konklusies verduidelik.

Ons het na die plek van die dialoog in teologiese onderrig en prediking gesoek. Teologie en prediking kan nie van mekaar geskei word nie, want die teologie moet die prediking van die heilige evangelie bevorder.

Ons ondersoek het ons gewys dat die dialoog in die verkondigingsmetode van Paulus slegs 'n beskeie plek inneem.

Die werkwoord *dialegesthai* soos dit in die Handelinge van die Apostels

gebruik word, het sy vertrekpunt in die Bybel. Paulus het uit die Skrifte gespreek (Hand. 17:3). Wat die inhoud van sy boodskap betref, het dit gegaan om die dinge van die koninkryk van God, om die kern van die evangelie: die lyding, die dood en die opstanding van Christus (Hand. 17:4).

Ons hoef nie die Bybel te help om aktueel te word nie. Die teks van die Bybel is nie so ver van die hede verwyder dat ons met ons kommunikasie- en dialoogtegnieke die teks weer vir die hede aktueel moet maak nie. Menslike woorde is onderhewig aan slytasieprosesse, aan betekenisverlies, maar die Bybel is die ewige, aktuele Woord van God.

Die dialoog mag ook nooit die plek van die Heilige Gees inneem nie. Ons is in verband met die verstaan van ons boodskap nie van 'n tegniek afhanklik nie maar van die verligting van die Heilige Gees. Daarom moet almal wat by die belangrike en verantwoordelike taak van prediking en onderrig betrokke is, mense van die gebed wees.

Ons wil egter hoegenaamd nie die dialoog in prediking en by teologiese vorming afwys nie. Maar dan moet die dialoog sy regte plek kry. Wat die prediking betref, moet die dialoog voor of na die prediking geplaas word maar nie in die prediking of tydens die prediking nie. Wel kan natuurlik gesprekke wat voor die prediking gevoer is, in die prediking opgeneem word om sodoende pastorale leiding aan lidmate te gee, met ander woorde 'n dialogiserende prediking soos Paulus in Romeine gedoen het. Ons moet altyd onthou dat ons prediking nie soos by die apostels openbaringsprediking is nie, dis verklaringsprediking (Van der Walt, 1978, p. 7).

'n Predikant kom met gesag, maar dit vrywaar hom nie van dwaling nie. 'n Lidmaat kan sê: Ek verskil van u. Dan sal daar 'n gesprek oor die preek wees; nie 'n dialoog met die Skrif nie maar 'n dialoog vanuit die Skrif, soos W.J. Snyman tereg opgemerk het.

Dan is die prediker ook pastor. Hy moet na sy hoorders luister. Hy moet weet wat in die harte van die mense leef. Hy moet kennis neem van allerlei weerstande wat daar teen die Woord van God is. In sy preek kan die predikant in sy kerugmatiese verkondiging antwoord gee op vrae wat in die harte van die lidmate leef. Dit maak egter die prediking nog nie dialogiese prediking nie. W.H. Velema (1976, p. 59) het duidelik aangetoon dat prediking as *kerugma* juis die teendeel van dialoog is. Die dialogiese element wat vir huisbesoek en pastorale gesprek, so kenmerkend is, kan nie somaar op die prediking oorgedra word nie. Dit moet 'n uiters beskeie plek in die prediking inneem.

By leeronderrig kom die dialoog sterker na vore. In hierdie verband is dit interessant om die twee Kategismusse wat Calvyn geskryf het, met mekaar

te vergelyk. In sy eerste boek: *Instruction et confession de Foy*, gebruik Calvyn die akroamatiese metode, terwyl hy in sy tweede leerboek die terotamatiese metode aanwend (Van 't Veer, 1942, p. 316, 317). Calvyn het bewustelik die tweede metode gekies, omdat die gespreksvorm vir hom die beste metode was om die inhoud van die stof oor te dra (Van 't Veer, 1942, p. 318, 319).

Die dialoog, die klasgesprek as onderrigmetode kan dus by teologiese onderrig goed gebruik word. Die student kan en moet die geleentheid hê om sy vrae te stel, sy bedenkinge uit te spreek, en die dosent kan dan soos Paulus die Bybel oopmaak en Skrif met Skrif vergelyk en so die heerlike inhoud van die Woord van God oopdek.

Ek wil my arbeid, waartoe ek deur Gods genade geroep is, daarom graag verrig met die belydenis dat ek dit as my taak sien en as my opdrag beskou om die Woord van God te ontvou.

My bede is dat my teologiese onderrig aan die prediking diensbaar mag wees. Ten volle bereidwillig sluit ek my aan by Paulus se metode om te dialogiseer in hierdie sin dat ek graag die Woord van God wil oopmaak en die Skrif met die Skrif wil vergelyk – die ou hermeneutiese reël by uitnemendheid.

Uit Paulus se optrede in die skool van Tirannus het dit vir my duidelik geword dat kommunikasie en dialoog nie 'n doel in hulleself het nie.

In die geloof dat die Bybel die gesaghebbende Woord van God is, en in die besef dat ons by ons wetenskaplike arbeid diep afhanklik is van die leiding van die Heilige Gees, wil ek graag my arbeid alhier verrig.

**BIBLIOGRAFIE**

BASTIAN, H-B. 1969. Theologie der Frage; Ideen zur Grundlegung einer theologischen Didaktik zur Kommunikation der Kirche in der Gegenwart. München, C. Kaiser.

BECKER, O. 1975. Peithō (*In* New international dictionary of New Testament theology, 1:588-593. Exeter, Paternoster Press.)

BULTMANN, R. 1959. Peithō (*In* Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament, 4:1-12. Stuttgart, Kohlhammer.)

COETZEE, J.C. 1976. 'n Pleidooi vir vernuwing in die besondere kanoniek; toegelig aan die hand van die Evangelie van Johannes. Potchefstroom, Pot-

chefstroomse Universiteit vir CHO (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks H: Inougurele rede, nr. 29.)

D'ASSONVILLE, V.E. 1971. Gereformeerde prediking; dialekties of apodikties? *In die Skriflig,* 5(19):37-44, Sept.

EBEL, G. 1978. Hodos. (*In* New international dictionary of New Testament theology, 3:935-943. Exeter, Paternoster Press.)

FIRET, J. 1970. De plaats van de practische theologie in de nieuwe structuren van de theologische wetenschap. (R.W. 12).

FIRET, J. 1975. Sterft de preek? *Voorlopig,* 7(5):151-154, Mei.

FOURIE, H.P. 1978. Die betekenis wat kommunikasiekunde in die prediking kan hê. *In die Skriflig*, 12(48):14 ev. 1 Des.

GROENEWALD, E.P. 1962. Die tweegesprek as verkondigingsmetode by Paulus. *In Nederlandse Teologiese Tydskrif,* 3:327, Mrt.

GROSHEIDE, F.W. 1932. De eerste brief van den apostel Paulus aan de kerk te Korinthe. Amsterdam, H.A. van Bottenburg.

GROSHEIDE, F.W. 1948. De handelingen der apostelen, dl. 2, Amsterdam, H.A. van Bottenburg. (Kommentaar op het Nieuwe Testament, 5).

HAENCHEN, E. 1968. Die Apostelgeschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht.

HOWE, R.L. 1963. The miracle of dialogue. Greenwich, Conn., Seabury Press.

HOWE, R.L. 1967. Partners in preaching; clergy and laity in dialogue. New York, Seabury Press.

JASPERS, K. 1947. Van der Warheit. München, Piper. (*Sy* philosophischen Logik, 1 Bd.)

JASPERS, K. 1948. Der philosophische Glaube. München, Piper.

JEREMIAS, J. 1966. Abba; Studien zur neutestamentlichen Theologie und Zeitgeschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht.

KUITERT, H.M. 1974. Zonder geloof vaart niemand wel; een plaatsbepaling van Christendom en kerk. 4e dr. Baarn, Ten Have.

KUITERT, H.M. 1977. Wat heet geloven? Structuur en herkomst van de Christelijke geloofsuitspraken. Baarn, Ten Have.

LAKE, K. & CADBURY, H.J. 1933. The beginning of Christianity. v. 4. London, Macmillan.

LAMMENS, G.N. 1974. Liturgie en massamedia. Rede-Theologische Hogeschool van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kok, Kampen (Kamper Cahiers no. 24).

PIETERSE, J.S. 1971. Dialogiese prediking. Stellenbosch (Ongepubliseerde Skripsie — Universiteit van Stellenbosch)

REPO, E. 1964. Der „Weg" als Selbstbezeichnung des Urchristentums; eine traditionsgeschichtliche und semasiologische Untersuchung. Helsinki. (Suomalaisen tiedeakatemian toimituksia. Sarja B, nide 132, 2).

SCHRENK, D. 1935. Dialegomal (*In* Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament, 2:93-98. Stuttgart, Kohlhammer)

SCHUBART, H. von und MEISSINGER, K.A. 1920. Zu Luthers Vorlesungstätigkeit. Heidelberg, C. Winter.

SIZOO, A. *s.j.* De antieke wereld en het Nieuwe Testament. Kampen, Kok.

SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en ou dinge uit die skat van die koninkryk; versamel en aan hom opgedra deur sy oud-studente by geleentheid van sy sewentigste verjaarsdag. *Red.* P.C. Snyman. Potchefstroom, Pro Rege (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Publikasiereeks nr. 56).

STäHLIN, G. 1965. Die Apostelgeschichte. 10 Aufl. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht. (Das Neue Testament Deutsch, Teilbd. 5).

TILLICH, P. 1951. Systematic theology, v.1. (Chicago, University of Chicago Press.

TILLICH, P. 1957. Systematic theology, v.2. Chicago, University of Chicago Press.

TRIMP, C. 1976. Communicatie en Ambtelijke dienst. Groningen, De Vuurbaak. (Kamperbijdragen, 18).

VAN DER LINDE, G.P.L. 1972. Die dialoog op kerklike erf. (Ongepubliseerde lesing gehou voor die Gereformeerde Teologiese Vereniging te Bloemfontein.)

VAN DER WALT, J.J. 1978. Homiletiek I en II. Potchefstroom (Ongepubliseerde klasdiktaat – Teologiese Skool, Gereformeerde Kerk)

VAN PEURSEN, C.A. 1959. Communicatie (*In* Kamphuis, M. *e.a.* Om de leefbaarheid van het bestaan. Lochem, Tijdstroom)

VAN SWIGCHEM, D. 1955. Het missionair karakter van de christelijke gemeente volgens de brieven van Paulus en Petrus. Kampen, Kok.

VAN 'T VEER, M.B. 1942. Catechese en catechetische stof by Calvijn. Kampen, Kok.

VELEMA, W.H. 1977. Collegedictaat Homiletiek. Apeldoorn. (Ongepubliseerde klasdiktaat)

VELEMA, W.H. 1978. Solidariteit en antithese; een theologische peiling. Kampen, Kok. (Apeldoornse studies, no. 13)

VORSTER, W.S. 1977. 'n Ou boek in 'n nuwe wêreld; gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika. (Universiteit van Suid-Afrika, Miscellanea nr. 10).

WATZLAWICK, P. *et al.* 1968. Pragmatics of human communication; a study of international patterns, pathologies and paradoxes. London, Faber.